Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport

Heritage Western Cape
Erfenis Wes-Kaap
ILifa leMveli leNtshona Koloni

Jaarlikse Prestasieplan

2018/2019

ERFENIS WES-KAAP

Jaarlikse Prestasieplan

2018/19

Datum van ter

tafellegging Maart

2018

VOORWOORD

Ter voldoening aan die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en die Nasionale Tesourieregulasies, lê die Raad van Erfenis Wes-Kaap hiermee sy Jaarlikse Prestasieplan vir die 2018/19-termyn van die Mediumtermynuitgaweraamwerk voor.

Erfenis Wes-Kaap het na vore getree as 'n belangrike strategiese rolspeler in die provinsie se erfenissektor sedert sy totstandkoming in 2002 ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999). Die entiteit se mandaat is om die Minister van Kultuursake en Sport oor die implementering van hierdie Wet te adviseer. Die huidige Raad van Erfenis Wes-Kaap is vir die tydperk van 1 November 2016 tot 31 Oktober 2019 aangestel.

AMarais Sx

ANROUX MARAIS
WES-KAAPSE MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT

AMPTELIKE BEKRAGTIGING

Ons, die ondergetekendes, verklaar hiermee dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- deur die bestuur van Erfenis Wes-Kaap, onder leiding van Minister Anroux Marais, opgestel is;
- opgestel is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van Erfenis Wes-Kaap; en
- 'n akkurate weergawe is van die prestasiedoelwitte wat Erfenis Wes-Kaap poog om te bereik gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir die 2018/19-boekjaar beskikbaar gestel is.

BRENDA RUTGERS
Hoof- Finansiële Beampte

Handtekening

MXOLISI DLAMUKA
Rekenpligtige Gesag
Erfenis Wes-Kaap

Handtekening

BRENT WALTERS
Hoof van Departement: Kultuursake en Sport

Handtekening

Goedgekeur deur:

ANROUX MARAIS

Minister van Kultuursake en Sport

Handtekening

Inhoud

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG 7

1. Visie 7
2. Missie 7
3. Waardes 7
4. Wetgewende en ander Mandate 7
   - 4.1 Grondwetlike mandate 7
   - 4.2 Wetgewende mandate 8
   - 4.3 Beleidsmandate 9
   - 4.4 Toepaslike hofbeslissings 9
   - 4.5 Beplande beleidsinisiatiewe 10
5. Situasie-ontleding 10
   - 5.1 Prestasie-omgewing 11
   - 5.2 Organisatoriese omgewing 13
   - 5.3 Beskrywing van die proses van strategiese beplanning 14
6. Strategiese uitkomsgerigte doelwitte van die EWK 15

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE 16

7. Erfenis Wes-Kaap 16
   - 7.1 Strategiese doelwitte 16
   - 7.2 Hulpbronoorwegings 17
   - 7.3 Risikobestuur 17
8. Programprestasie-aanwysers en jaarteikens vir 2018/19 19
9. Kwartaalteikens vir 2018/19 19
10. Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR 20

Bylae A. Beskrywing van tegniese aanwyser 21

Bylae B: Verandering van aanwyser vir strategiese doelwit 23

Akronieme

APM	Komitee vir Argeologie, Paleontologie en Meteoriete
BELCom	Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe
DKS	Departement van Kultuursake en Sport
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
VEBs	Vergaderings van Erfenisbeamptes
EIBS	Erfenisinligtingbestuurstelsel
EWK	Erfenis Wes-Kaap
IACom	Komitee vir Impakassessering
IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie
IGI	Komitee vir Inventarisse, Graderings en Interpretasie
LUR	Lid van die (Provinsiale) Uitvoerende Raad
MTUR	Mediumtermynuitgaweraamwerk
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
PK	Provinsiale Kennisgewing
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. Visie

Inklusiewe, proaktiewe identifisering en volhoubare bestuur van erfenishulpbronne.

2. Missie

Erfenis Wes-Kaap (EWK)verseker en implementeer die inklusiewe identifisering, doeltreffende bestuur, bewaring en bevordering van erfenishulpbronne vir die huidige en toekomstige geslagte.

3. Waardes

Sorg, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovasie, responsiwiteit, inklusiwiteit en respek.

4. Wetgewende en ander Mandate

Erfenis Wes-Kaap beskou die wetgewende mandate waarop sy algemene funksionering gebaseer is, as bindend soos hieronder uiteengesit:

- om goeie bestuur op alle vlakke te bevorder;
- om die burgerlike samelewing te bemagtig om hul erfenishulpbronne te koester en te bewaar sodat dit vir toekomstige geslagte nagelaat kan word;
- om algemene beginsels vir die regulering van erfenishulpbronbestuur regdeur die Wes-Kaap neer te lê; en
- om 'n geïntegreerde stelsel vir die identifikasie, assessering en bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie bekend te stel ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne en sy regulasies.

4.1 Grondwetlike mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 24(b)(ii) Omgewing	EWK moet deur wetgewende en ander maatreëls die bevordering van die bewaring van die erfenisomgewing in die Wes-Kaap reguleer en monitor. Dit mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat bots met enige bepaling van die Handves van Regte nie.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	EWK moet seker maak dat sy programme en projekte die kulturele verskeidenheid van die bevolking van die Wes-Kaap in ag neem.
Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge	EWK werk met al die regeringsfere saam. Ingevolge sy mandaat, werk Erfenis Wes-Kaap nou saam met die Departement van Kultuursake en Sport, die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Bylae 4A: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Erfenis vorm deel van 'kultuur-aangeleenthede' wat samelopende funksies is, en dus oefen EWK sy mandaat uit in die konteks van nasionale sowel as provinsiale wetgewende omgewings.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, Wet 1 van 1998	
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing, binne die Wes-Kaapse Regering se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Wes-Kaap, wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel.

Artikel	Beskrywing
Artikel 81	EWK moet beleide implementeer om die welsyn van die mense van die Wes-Kaap aktief te bevorder en in stand te hou, insluitend beleide wat daarop gerig is om die volgende te bereik: • Die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van die huidige geslag en toekomstige geslagte. • EWK moet spesifieke beleide implementeer om hierdie bepalings te ondersteun.

4.2 Wetgewende mandate

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Om die Minister te adviseer oor die implementering van die Wet. EWK moet ook stelsels en prosedures instel om die voorskrifte van die Wet tot uitvoering te bring.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	As 'n openbare entiteit moet die EWK gesonde stelsels vir finansiële bestuur vestig ter nakoming van die voorskrifte van die Wet.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en privaat liggame in bewaring gehou word. Die EWK en elke ander openbare en privaat liggaam moet onder andere: • 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om aansoek te doen om toegang te verkry tot inligting wat deur die liggaam gehou word; en • 'n inligtingsbeampte aanstel wat versoeke om toegang tot inligting, wat deur die liggaam gehou word, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: • sit die reëls en riglyne uiteen wat administrateurs moet volg wanneer besluite geneem word; • vereis dat administrateurs mense inlig oor hulle reg tot hersiening of appèl en hul reg om redes te eis; • vereis van administrateurs om redes vir hul besluite te verstrek; en • gee aan lede van die publiek die reg om die beslissings van administrateurs in die hof te betwis.
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013	Wet 4 van 2013	Hierdie Wet plaas 'n verantwoordelikheid op instellings om die volgende te verseker: • om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame geprosesseer is te bevorder; • om sekere voorwaardes in te stel ten einde minimum vereistes vir die prosessering van persoonlike inligting daar te stel. Aangesien die EWK persoonlike inligting insamel in die verwerking van aansoeke, sal die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom moet word.

Provinsiale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Erfenishulpbron-bestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Hierdie regulasies wat deur die LUR verantwoordelik vir kuns en kultuur gepubliseer word, is die grondleggingsdokument van die EWK, wat sy mandaat binne die provinsie bepaal en verskillende prosedures uiteensit.
Wes-Kaapse Erfenishulpbron-bestuurregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Hierdie regulasies word deur die Raad van die EWK gepubliseer en sit prosedures uiteen vir die doen van verskillende aansoeke by die EWK. (Die regulasies wat op hierdie datum gepubliseer is, is die Engelse weergawe.)
Wes-Kaapse Erfenishulpbron-bestuurregulasies, 2003	PK 212 van 10 November 2004	Hierdie regulasies wat deur die Raad van die EWK gepubliseer word, sit prosedures uiteen vir dieindien van verskillende aansoeke by die EWK. (Die regulasies wat tot op hierdie datum gepubliseer is, is die weergawes in Afrikaans en isiXhosa.)

Provinsiale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Regulasies (EWK) oor die proses vir die publikasie van algemene beleidsverklarings en bewarings-bestuursplanne, 2015	PK 7497/2015 September 2015	Hierdie regulasies word deur die Raad van die EWK gepubliseer en sit prosedures uiteen vir die publikasie en aanvaarding van Algemene Beleidsverklarings en Bewaringsbestuursplanne.

4.3 Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleide	
Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)[1]	Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns, kultuur en erfenis, asook biblioteek- en argiefdienste.
Beleide van Erfenis Wes-Kaap	
Erfenis Wes-Kaap se Handboek van 20 September 2013, soos bygewerk in 2017.	Die handboek bevat alle beleide, prosedures, riglyne en reëls van die organisasie. Dit word gereeld bygewerk sodra die Raad 'n nuwe beleid goedkeur of 'n bestaande beleid wysig.

4.4 Toepaslike hofbeslissings

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKS
Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape [2007] SCA 170 (RSA)	Hoogste Hof van Appèl, saak nr. 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en EWK verleen is om ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, voorwaardes vir 'n ontwikkeling te stel.
Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saak nr. 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak gehad op die appèlprosesse van die tribunale wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees in samehang met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKS en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ingevolge die beginsel van *audi alteram partem maxim*.
Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Sport	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saak nr. 13521/08	Die aansoeker het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien ten einde die LUR te verplig om 'n besluit te neem, of anders om die Rekord van Besluitneming uit te reik ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees in samehang met Regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak van die uitspraak op die DKS is dat hy moet verseker dat tribunale se Rekords van Besluitneming betyds uitgereik word. Regstellende stappe is gedoen.

[1] Die nasionale Departement van Kuns en Kultuur is besig om die huidige witskrif te hersien.

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKS
Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk and Others 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saak nr. 1926/2008	Die Hof het dit oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap of EWK jurisdiksie het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, deur die SAEHA as Graad 1-terreine gegradeer is. Die Hof het bevind dat die SAEHA in sulke gevalle wel jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie uitspraak vir die DKS is dat die Departement regshulp aan EWK moet verleen om die wetgewing te vertolk, en moet seker maak dat die EWK binne sy wetlike mandaat optree.
Peter Gees v the Provincial Minister of Cultural Affairs and Sport, Western Cape, the Chairperson, Independent Appeal Tribunal, Heritage Western Cape, the City of Cape Town, City Bowl Ratepayers; & Residents' Association	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, saak nr. 6205/2015	Die Hof het bevestig dat die oplegging van voorwaardes binne die raamwerk van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, val en dat dit in ooreenstemming is met die oorhoofse omvang van die Wet. Voorwaardes kan ingevolge artikel 34(1) van die Wet opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar.
Piketberg Local Heritage Committee and Another v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk and others (Heritage Western Cape 2nd Respondent)	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, saak nr. 1103 2016	Aansoek om die hersiening van 'n besluit van die EWK se Komitee vir Beboude Omgewings en Landskappe (BELCom). Toestemming is deur BELCom verleen om 'n gebou op Erf 207 Piketberg te sloop. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hooggeregshof 'n aansoek vir die hersiening van die besluit ingedien, aangesien daar aangevoer is dat daar nie aan die bepalings van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid voldoen is nie. Die Hof het die huidige beleid van die EWK in oorweging geneem, wat slegs konsultasie met geregistreerde bewaringsliggame behels, en het aangevoer dat aangesien besluite wat geneem is, die potensiaal het om lede van die algemene publiek te raak, wyer konsultasie nodig is. Dit beteken dat openbare deelname nodig sal wees voor die EWK 'n besluit neem oor 'n aansoek.

4.5 Beplande beleidsinisiatiewe

Die beleidsinisiatiewe wat hieronder beskryf word, word vir 2018/19 beplan.

Beplande beleidsinisiatiewe	Tydsraamwerk
Artikel 30 & 31 se regulasies: regulasies in verband met erfenisgebiede en -opnames	31 Maart 2019
Nie-tasbare Erfenis-beleid oor die bestuur van erfenishulpbronne	31 Maart 2019

5. Situasie-ontleding

Sedert die totstandkoming van EWKin Oktober 2002, is omvattende stelsels ontwikkel vir die bestuur van aansoeke wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, ingedien word. Die EWK word erken as die voorste erfenishulpbronowerheid ten opsigte van hierdie gebied.

Die organisasie het oor die afgelope jare gepoog om 'n aantal aangeleenthede aangaande sy primêre werksaamheid uit te klaar. Hoewel duidelike reëls vir die funksies opgestel is, in die besonder ten opsigte van die verwerking van aansoeke, streef die EWK delegasies na met plaaslike owerhede, wat belangstelling uitgespreek het om funksies vir die bestuur van plaaslike erfenishulpbronne oor te neem. Die EWK gaan voort om te bou op sy samewerkingsverhouding met SAEHA volgens die Memorandum van Ooreenkoms ten opsigte van die bestuur van terreine wat van nasionale belang is in die Wes-Kaap en ander aangeleenthede wat van dwarsliggende belang is.

Weens beperkte hulpbronne, ondervind die EWK uitdagings met die implementering van sekere aspekte van sy mandaat ingevolge die WNEH. Hierdie beperkings sluit in:

- die gradering van meer as 2 500 voormalige nasionale monumente waarvoor dit verantwoordelik is;
- die verklaring van beduidende getalle nuwe provinsiale erfenisterreine ten einde die diversiteit in die provinsie en die erfenis van gemeenskappe wat in die verlede verwaarloos is, te weerspieël;
- die befondsing van opnames en inventarisse ten einde erfenisbeperkings te identifiseer ter bevordering van ontwikkeling om sodoende spanning tussen ontwikkeling en bewaring te verlig;
- die versekering van nakoming van die WNEH, veral ten opsigte van bepalings soos wat in permitte en ander rekords van besluitneming uiteengesit word;
- uitreikprogramme vir gemeenskappe wat die positiewe en stabiliserende effek van erfenis verlig om maatskaplike euwels op te los;
- die skep van trots in die omgewing en die verbetering van gemeenskapsidentiteit; en
- die vertolking van erfenis deur gedenkplate op te rig, asook ander maatreëls, wat tot die gemeenskap se begrip van erfenis bydra.

5.1 Prestasie-omgewing

Die EWK is belas met die identifisering, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van erfenishulpbronne. Weens kapasiteitsbeperkings het die EWK hoofsaaklik op die verwerking van aansoeke en beskerming gefokus. Ingewikkelde en/of omstrede aansoeke word gehanteer deur 'n verskeidenheid raadskomitees wat maandeliks byeenkom.

Oor die afgelope paar jaar het die getal aansoeke wat tydens weeklikse vergaderings van erfenisbeamptes verwerk is, met 'n groot persentasie gestyg. Dit het meegebring dat die EWK met 'n maksimum personeelkomponent moet funksioneer ten einde sodanige getal aansoeke te hanteer. Die WNEH skep 'n geïntegreerde stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne. Hierdie stelsel stel die drie regeringsfere in staat om 'n rol te speel in die proses van erfenishulpbronbestuur.

Die noodsaaklikheid om plaaslike owerhede te bemagtig om erfenisgebiede en erfenisinventarisse in te stel, het toegeneem. In reaksie hierop het die EWK konsepregulasies opgestel wat vir munisipaliteite leiding sal gee om die bepalings van artikel 30 en 31 van die WNEH na te kom. Die EWK het reeds begin om munisipaliteite in die Wes-Kaap te raadpleeg.

Die aantal aansoeke wat deur die EWK verwerk word, het die afgelope paar jaar bestendig toegeneem. Hierdie verwikkeling word in 'n positiewe lig aangesien dit op die publiek se groter wordende optrede in ooreenstemming met erfeniswetgewing dui. Dit het egter groot stremming op die die organisasie geplaas, aangesien die huidige personeelkomponent nie voldoende is om aandag te gee aan die verhoogde hoeveelheid werk nie.

Die EWK het die Erfenisinligtingbestuurstelsel (EIBS) ontwikkel. Hierdie stelsel bestaan tans as 'n interne instrument vir die bestuur van roerende en nie-roerende erfenishulpbronne van die provinsie. Indien die onlangse konsepregulasies deur die SAEHA gepromulgeer word, sal dit 'n beduidende impak hê op die manier waarop die EWK aan die SAEHA verslag doen oor die bestuur van erfenishulpbronne binne die provinsie. Dit kan gevolglik 'n impak hê op die manier waarop die EIBS gestruktuur word. 'n Koppelvlakoplossing met die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-inligtingstelsel (SAEHIS) wat deur die SAEHA gebruik word, word tans geassesseer.

Die Bobbejaanpunt Provinsiale Erfenisterrein by Elandsbaai word tans geïmplementeer deur middel van ondersteuning deur die Nasionale Lotto-verspreidingstrustfonds. Die befondsing word ook aangewend om lede van die plaaslike gemeenskap te bemagtig om as toergidse op te tree en om inligting te verskaf om hierdie belangrike erfenisterrein te bevorder.

Die Departement van Kultuursake en Sport het begin met 'n proses om wetgewing rakende provinsiale erfenis op te stel. Die EWK wag op die uitkoms van die wetgewende proses.

5.2 Organisatoriese omgewing

Organisatoriese struktuur



Indiensneming en vakatures

Die DKS stel personeel beskikbaar aan die EWK.

5.3 Beskrywing van die proses van strategiese beplanning

Die Raad het 'n strategiesebeplanningsessie gehou waar die visie, missie en waardes hersien is in ooreenstemming met die dienslewerings- en breër beleidsomgewing. Dit het aanleiding gegee tot die wysiging van die visie en die missieverklaring van die EWK, soos vasgelê in die strategiese plan vir 2015-2020. Die Raad het ook besluit om sekere prestasie-aanwysers in lyn te bring met mekaar ten einde beter koördinering en samehange met die EWK se visieverklaring te verseker. Die entiteit het ook met die Departement van Kultuursake en Sport saamgewerk ten opsigte van planne vir die 2018/19-boekjaar.

6. Strategiese uitkomsgerigte doelwitte van die EWK

Die strategiese doelwitte van die EWK is soos volg:

Strategiese doelwit	Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bestuur en te bevorder.
Doelwitstelling	Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap vir die huidige en toekomstige geslagte te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bestuur en te bevorder.
Regverdiging	Die EWK is 'n openbare entiteit en word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) gebind om die Minister te adviseer oor die identifisering, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van erfenishulpbronne.
Skakels	Verantwoordelike departement: Die bevordering van ontwikkeling en transformasie van kultuuraktiwiteite ten einde by te dra tot nasiebou, goeie bestuur, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal, asook volhoubare ekonomiese groei en geleenthede.

6.1 Skakels met provinsiale strategiese doelwitte

Die Provinsiale Strategiese Plan is 'n stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die Wes-Kaapse Regering, waarin die uitkomste wat oor die mediumtermyn bereik moet word, duidelik uiteengesit word. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteite van die Wes-Kaapse regering en word aangewend om geïntegreerde en verbeterde prestasie regoor die openbare sektor in die Wes-Kaap te bevorder.

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte vir 2015 tot 2019 is:

Provinsiale Strategiese Doelwitte word hierbo weergegee

Erfenis Wes-Kaap lewer soos volg 'n bydrae tot PSD 3 en 4:

PSD	Bydrae van die EWK
3	Skep 'n instaatstellende omgewing wat die volhoubare benutting van erfenishulpbronne bevorder op 'n wyse wat diversiteit koester en die welsyn van gemeenskappe in die Wes-Kaap bevestig.
4	Bevorder inklusiwiteit en 'n gevoel van samehorigheid deur die bewaring en geïntegreerde bestuur van kulturele erfenishulpbronne deur middel van die werk wat erfenisbewaringsinstellings en die komitees van EWK verrig.

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE

7. Erfenis Wes-Kaap

Die doel van EWK is om die Minister te adviseer oor die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) en om sodoende die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te beskerm en te bestuur.

7.1 Strategiese doelwitte

STRATEGIESE DOELWIT:	Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bestuur en te bevorder
STRATEGIESE DOELWITTE:	Die bestuur van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap
Strategiese doelwit	Die bestuur van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap
Doelwitverklaring	Die bestuur van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap wat die identifisering, bewaring, beskerming en bevordering van erfenishulpbronne vir al ons gemeenskappe en vir die huidige en toekomstige geslagte sal verseker ten einde goeie bestuur op alle vlakke te bevorder
Grondlyn	• 8 geskeduleerde vergaderings per jaar van die Raad en sy Uitvoerende Komitee om sodoende die WNEH te implementeer • 40 geskeduleerde vergaderings per jaar van die komitees vir besluitneming ten opsigte van aansoeke om sodoende die WNEH te implementeer • 44 vergaderings per jaar van die erfenisbeamptes om besluite te neem oor aansoeke soos per delegasies van die Raad om die WNEH te implementeer • Help met die voorbereiding van die dossiere van nominasie vir Wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap
Regverdiging	Die EWK en sy bestuur word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne bestuur
Skakels	Verantwoordelike departement: Die bevordering van ontwikkeling en transformasie van kultuuraktiwiteite om by te dra tot nasiebou, goeie bestuur, ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede

- **Strategiese doelwitte – jaarteikens vir 2018/19**

Aanwyser vir strategiese doelwit	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie	Mediumtermynteikens				
	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Getal geskeduleerde vergaderings van die Raad en Komitees om erfenishulpbronne in die Wes-Kaap in stand te hou	91	100	106	92	92	92	92	92	92

7.2 Hulpbronoorwegings

Beskrywing	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21
Betalings oorgedra	2 270	3 000	1 611	1 736	1 844	1927
Geraamde inkomstestroom	1558	1800	1621	1365	1433	1504

7.3 Risikobestuur

Risiko 1: Erfenishulpbronne wat deur vandalisme bedreig word.

***Mitigasiestrategie*:**

- 'n Voltydse regsadviseur is aangestel om regskapasiteit te verleen.
- Generiese riglyne en opleiding vir EWK-beamptes is ontwikkel. Die EWK voer inspeksies uit in geval van oortredings.
- Fasiliteer en help met die insluiting van erfenisregisters by die GOP/ROR (ruimtelike ontwikkelingsraamwerk) van plaaslike owerhede volgens die WNEH.
- EWK-beamptes ondersoek onwettige werk, volg dit (onwettige werk) op en doen verslag aan die toepaslike komitees wat ingevolge die WNEH ingestel is vir besluite oor stappe wat deur personeel geneem moet word.
- EWK-werkwinkels/opleiding is vir die munisipale wetstoepassingsbeamptes en gebou-inspekteurs aangebied.
- Voorvalverslae word direk deur die publiek by die HUB van die EWK ingedien en daar word gedurende kantoorure daaraan aandag gegee.
- Die regsadviseur van die EWK moet met die vervolgingsgesag kommunikeer om sake rakende die oortreding van erfeniswetgewing beter aan te bied in die hof.
- Werk saam met munisipaliteite ten opsigte van die opstel van erfenisinventarisse ten einde die samewerking van munisipale bestuurders te kry (bv. MINMAYTECH-vergaderings) sodat hulle bewus kan wees van hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die beveiliging van erfenishulpbronne.
- Fasiliteer werkwinkels oor erfenisbewustheid met sleutelbelanghebbendes, byvoorbeeld gasheergemeenskappe, bewaringsliggame en munisipaliteite.
- Riglyne ten opsigte van die definisie van erfenishulpbronne en hoe erfenishulpbronne geïdentifiseer word, is opgestel en aan plaaslike owerhede en professionele verenigings, sowel as bewaringsliggame gestuur.
- Het 'n nuusblad op die EWK se webtuiste en sosiale media ontwikkel. Dit maak mense bewus van die belangrikheid van erfenis.
- Werk saam met stadsbeplanners van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning om beter integrasie van erfenis by munisipale beplanning te bewerkstellig om sodoende risiko ten opsigte van ontwikkeling te verminder.

- Standaardebedryfsprosedures vir impakassessering is saam met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning opgestel om met omgewingsbestuur te integreer.
- Het 'n nuwe blad op die EWK se webtuiste en sosiale media ontwikkel wat mense bewus maak van die belangrikheid van erfenis
- Werk saam met meer plaaslike owerhede om die proses vir die opstel van erfenisinventarisse te versnel. Hierdie inventarisse sal munisipaliteite en die EWK in staat stel om aansoeke om permitte professioneel en sonder enige vertragings te hanteer. Dit sal ook die algemene publiek inlig oor die erfenishulpbronne binne hulle munisipale gebiede.
- In sekere gevalle word kentekens op provinsiale erfenisterreine aangebring.
- Die EWK moedig toegangsbeheer by rotskunsterreine deur toepaslike bestuursowerhede aan (bv. plaaseienaar, plaaslike owerhede, erfenisbeamptes) as deel van hulle bestuursplanne.
- Die EWK verwerk aansoeke en reik permitte uit vir die professionele verwydering van graffiti op rotskunsterreine in die Wes-Kaap.
- Die EWK meld onwettige optrede deur die publiek of professionele persone by sy Raad en Komitees aan. Die Raad/Komitees verwys die aangeleentheid dan na die HUB vir besluitneming in verband met vervolging.

Risiko 2: Onvermoë om personeel met die gepaste vaardigheid te werf en te behou.

***Mitigasiestrategie*:**

- Die gebruik van UOWP-beamptes om hulp te verleen met finansiële en erfenisverwante dienskantoorpligte.
- Proaktiewe betrokkenheid en optrede as gassprekers by skole, universiteite en kolleges in verband met erfenis in die Wes-Kaap en die behoefte aan 'n goeie begrip van wat erfenis beteken ten opsigte van beplanning, wetenskap, argitektuur en wetgewing.

8. Programprestasie-aanwysers en jaarteikens vir 2018/19

PRESTASIE AANWYSERS AANGEPAS VIR DIE PROVINSIE								
Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2017/18	Mediumtermynteikens		
		2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	2019/20	20120/21
1	Getal geskeduleerde vergaderings van die Raad en sy Uitvoerende Komitee om die WNEH te implementeer	8	9	8	8	8	8	8
2	Getal geskeduleerde vergaderings van die komitees vir besluitneming ten opsigte van aansoeke om die WNEH te implementeer*	36	40	43	36	40*	40	40
3	Getal vergaderings van die personeel vir besluitneming ten opsigte van aansoeke volgens die delegasies van die Raad om die WNEH te implementeer	47	46	59	44	44	44	44

** Die Raad het goedgekeur dat die prestasie-aanwyser "Getal geskeduleerde vergaderings van die komitees vir besluitneming ten opsigte van aansoeke om die WNEH te implementeer" met ingang 1 April 2018 by aanwyser 2 ingesluit word.*

9. Kwartaalteikens vir 2018/19

Prestasie-aanwyser		PSD-skakel	Verslag-tydperk	Jaar-teiken	Kwartaalteiken			
					1ste	2de	3de	4de
1	Getal geskeduleerde vergaderings van die Raad en sy Uitvoerende Komitee om die WNEH te implementeer	3 en 4	Kwartaallikks	8	2	2	2	2
2	Getal geskeduleerde vergaderings van die komitees vir besluitneming ten opsigte van aansoeke om die WNEH te implementeer	3 en 4	Kwartaallikks	40	10	10	10	10
3	Getal vergaderings van die personeel vir besluitneming ten opsigte van aansoeke volgens die delegasies van die Raad om die WNEH te implementeer	3 en 4	Kwartaallikks	44	11	11	11	11

10. Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR

Uitgaweramings

Erfenis Wes-Kaap

Program	Geouditeerde uitkoms			Geraamde uitgawes	Mediumtermyn-uitgaweraming		
R duisend	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21
Erfenis Wes-Kaap	2 104	3 305	3 582	3 232	3 101	3 277	3 431
Subtotaal	**2 104**	**3 305**	**3 582**	**3 232**	**3 101**	**3 277**	**3 431**
Direkte heffings teen die Nasionale Inkomstefonds	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**
Totaal	**2 104**	**3 305**	**3 582**	**3 232**	**3 101**	**3 277**	**3 431**

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	**2 104**	**3 305**	**3 582**	**3 232**	**3 101**	**3 277**	**3 431**
Vergoeding van werknemers							
Goedere en dienste waarvan:							
Kommunikasie	2	2					
Rekenaardienste					32	36	40
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	812	1 337	1 273	749			
Inventaris	4						
Instandhouding, herstelwerk en bedryfskostes							
Bedryfsbruikhuurkontrakte							
Reis- en verblyfkostes	157	203	172	334	363	364	382
Ouditgelde	110	55	81	100	97	110	116
Reklame	77	62	77	128	35	95	100
Ander[2]	942	1 646	1 979	1 921	2 574	2 672	2 792
Rente en huurgeld op grond							
Finansiële transaksies in bates en laste							
Oordragte en subsidies aan:	**-**	**-**		**-**			
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsoogmerk							
Huishoudings							
Betalings vir kapitaalbates	**-**	**-**		**-**			
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Programmatuur en ander ontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates							
waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	**2 104**	**3 305**	**3 582**	**3 232**	**3 101**	**3 277**	**3 431**

Sluit vergaderingstoelae vir Erfenis Wes-Kaap in

Bylae A. Beskrywing van tegniese aanwysers

1. Aanwyser vir strategiese doelwit

Aanwysertitel	**Getal geskeduleerde vergaderings van die Raad en komitees om die erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te bestuur**
Kort definisie	Geskeduleerde vergaderings van die Raad en Uitvoerende Komitee en ander Raadskomitees wat ingestel is
Doel/belangrikheid	Implementeer die mandaat van die Provinsiale Erfenishulpbronowerheid ingevolge die WNEH en verseker dat besluite wat geneem word in ooreenstemming is met die Wet en beleide
Bron/versameling van data	Datums van geskeduleerde vergaderings, agendas, bywoningsregisters en notules
Berekeningsmetode	Eenvoudige telling
Databeperkings	Onvolledige aansoeke
Tipe aanwyser	Uitset en impak
Tipe berekening	Kumulatief
Verslagsiklus	Jaarliks
Nuwe aanwyser	Nee
Verlangde prestasie (uitset)	Volgens teiken wat gestel is
Aanwyserverantwoordelikheid	Adjunkdirekteur
Sleutelrisiko	Uitdagings met bereiking van kworumvereistes aangesien lede onafhanklike vakkundiges is wat nie in diens van die EWK of die departement is nie.
Mitigasie	Kalender van geskeduleerde vergaderings word deur die Raad goedgekeur en voor die jaar van implementering gesirkuleer. Herinneringskennisgewings oor vergaderings van die Raad en Uitvoerende Komitee word 'n week voor die beplande vergadering uitgestuur sodat lede hulle beskikbaarheid kan aandui. Vrydae word streng gereserveer vir die personeel om aansoeke te verwerk.

2. Tegniese Prestasie-aanwysers

Nr. 2.1	**Aanwysertitel**	**Getal geskeduleerde vergaderings van die Raad en sy Uitvoerende Komitee om die WNEH te implementeer**
	Kort definisie	Geskeduleerde kwartaallikse vergaderings van die Raad en die Uitvoerende Komitee
	Doel/belangrikheid	Implementeer die mandaat van die Provinsiale Erfenishulpbronne-owerheid ingevolge die WNEH en neem besluite ingevolge die Wet
	Bron/versameling van data	Datums van geskeduleerde vergaderings, bywoningsregister, agendas en notules
	Berekeningsmetode	Eenvoudige telling
	Databeperkings	Geen
	Tipe aanwyser	Uitset en impak
	Tipe berekening	Kumulatief
	Verslagsiklus	Kwartaalliks
	Nuwe aanwyser	Nee
	Verlangde prestasie (uitset)	Volgens teiken wat gestel is
	Aanwyserverantwoordelikheid	Adjunkdirekteur
	Sleutelrisiko	Uitdagings met voldoening aan kworumvereistes aangesien lede onafhanklike vakkundiges in eie reg is
	Mitigasie	Kalender van geskeduleerde vergaderings word deur die Raad goedgekeur en voor die jaar van implementering gesirkuleer. Herinneringskennisgewings oor vergaderings van die Raad en Uitvoerende Komitee word 'n week voor die beplande vergadering uitgestuur sodat lede hulle beskikbaarheid kan aandui.

Nr. 2.2	Aanwysertitel	Getal geskeduleerde vergaderings van die Komitees vir besluitneming oor aansoeke om die WNEH te implementeer
	Kort definisie	Geskeduleerde vergaderings van die EWK-komitee wat besluite neem op grond van 'n delegasieraamwerk
	Doel/belangrikheid	Om aansoeke wat ontvang is te oorweeg en om besluite namens die Raad van die EWK te neem
	Bron/versameling van data	Datums van geskeduleerde komiteevergaderings, bywoningsregisters, agendas en notules
	Berekeningsmetode	Eenvoudige telling
	Databeperkings	Geen
	Tipe aanwyser	Uitset en impak
	Tipe berekening	Kumulatief
	Verslagsiklus	Kwartaalliks
	Nuwe aanwyser	Nee
	Verlangde prestasie (uitset)	Volgens teiken wat gestel is
	Aanwyserverantwoordelikheid	Adjunkdirekteur
	Sleutelrisiko	Uitdagings met voldoening aan kworumvereistes aangesien lede onafhanklike vakkundiges in eie reg is
	Mitigasie	Kalender van geskeduleerde vergaderings word deur die Raad goedgekeur en voor die jaar van implementering gesirkuleer Herinneringskennisgewings oor vergaderings word 'n week voor die beplande vergadering uitgestuur sodat lede hulle beskikbaarheid kan aandui

Nr. 2.3	Aanwysertitel	Getal vergaderings van die personeel vir besluitneming ten opsigte van aansoeke volgens die delegasies van die Raad om die WNEH te implementeer
	Kort definisie	Geskeduleerde vergaderings van Erfenisbeamptes om besluite te neem volgens delegasies van die Raad
	Doel/belangrikheid	Om aansoeke te verwerk en besluite te neem volgens delegasies aan die vergadering van Erfenisbeamptes
	Bron/versameling van data	Datums van geskeduleerde komiteevergaderings, bywoningsregisters, agendas en notules
	Berekeningsmetode	Eenvoudige telling
	Databeperkings	Onvolledige aansoeke
	Tipe aanwyser	Uitsetaanwyser
	Tipe berekening	Kumulatief
	Verslagsiklus	Kwartaalliks
	Nuwe aanwyser	Nee
	Verlangde prestasie (uitset)	Volgens teiken wat gestel is
	Aanwyserverantwoordelikheid	Adjunkdirekteur
	Sleutelrisiko	Erfenisbeamptes se onvermoë om gereeld vergaderings te reël soos beplan, vanweë werksdruk en die groot volume aansoeke wat verwerk moet word
	Mitigasie	Maandae word streng gereserveer vir Erfenisbeamptes om aansoeke te verwerk

BYLAE B. VERANDERINGE AAN AANWYSER VIR STRATEGIESE DOELWIT

1. Die aanwyser vir strategiese doelwit in die JPP VIR 2017/2018 lees soos volg:

1.1 Getal geskeduleerde vergaderings van die Raad en Komitees om erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te bestuur.

1.2 Die aanwyser vir die strategiese doelwit in die JPP vir 2018/2019 (bl.16) lees nou soos volg:

Die bestuur van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel die Wes-Kaap.

2. Na EWK se sessie vir strategiese beplanning in 2017/2018, het die visie, missie en waardes van EWK van die vorige boekjaar verander ten einde die Departement se mandaat in lyn te bring en om die doel van die EWK beter te weerspieël (kyk hieronder vir veranderinge aan die visie, missie en waardes).

2.1 Visie 2017/2018

Om die uiteenlopende stedelike en landelike erfenishulpbronne van die mense van die Wes-Kaap te vier, te koester, in stand te hou en te versorg deur die bevordering van trots op die tasbare sowel as die ontasbare erfenis, veral onder die voorheen gemarginaliseerdes.

Visie 2018/2019

Inklusiewe, proaktiewe identifisering en volhoubare bestuur van erfenishulpbronne.

2.2 Missie 2017/2018

Deur die vestiging, implementering en instandhouding van 'n doeltreffende, geïntegreerde bestuurstrategie vir erfenishulpbronne vir die Wes-Kaap, sal EWK die stelselmatige identifisering, bewaring, beskerming en bevordering van erfenishulpbronne vir al ons gemeenskappe en tot voordeel van die huidige en toekomstige geslagte verseker.

Missie 2018/2019

EWK verseker en implementeer die inklusiewe identifikasie, doeltreffende bestuur, bewaring en bevordering van erfenishulpbronne vir die huidige en toekomstige geslagte.

2.3 Waardes 2017/2018

Sorg, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovasie en responsiwiteit.

Waardes 2018/2019

Sorg, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovasie, responsiwiteit, inklusiwiteit en respek.

Heritage Western Cape
Protea Assurance Building, Greenmarket Square, Cape Town, 8001
Postal Address: Private Bag X9067, Cape Town, 8000
tel: +27 483 5959 fax: +27 21 483 9845
Email: ceoheritage@westerncape.gov.za

ILifa leMveli leNtshona Koloni
Kwisakhiwo iProtea Assurance, eGreenmarket Square, eKapa, 8001
Idilesi yePosi: Private Bag X9067, Cape Town, 8000
umnxeba: +27 483 5959 ifeksi: +27 21 483 9845
i-imeyile: ceoheritage@westerncape.gov.za

Erfenis Wes-Kaap
Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein, Kaapstad, 8001
Posadres: Privaatsak X9067, Kaapstad, 8000
tel: +27 483 5959 faks: +27 21 483 9845
e-pos: ceoheritage@westerncape.gov.za

Western Cape Government

Cultural Affairs and Sport

PR52/2018 - ISBN: 978-0-621-46150-3